Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

# JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

**NUUSBRIEF: 6 (27 Februarie – 6 Maart 2026 )**

## ***SPORT***

**TENNIS**

Ons moet 'n ernstige poging aanwend om tennis by die skool op te skerp. In sekere ouderdomme het ons nie vol spanne om liga te kan speel nie.
Ons vra dat u asb. u kind sal motiveer om deel te neem. Maandag gaan toetsing plaasvind om hulle in groepe in te deel.

Indien u kind wil deelneem aan tennis, stuur asb. vir die sportorganiseerder 'n WhatsApp boodskap met die volgende inligting:

- Leerder se naam en van
- Graad
- Is hy/sy 'n Beginner / Het al tennis gespeel / Speel in span by skool. (Kies toepaslike)

**Lanie Steenkamp**
**Sel: 083 633 3316**

## ***OUERS***

**OUERKLASBESOEKE**

Ons herinner net weer die ouers aan die klasbesoeke wat op Maandag, 2 Maart plaavind op die volgende tyd:

**Gr 4-7 : 14:30 – 16:30 (in skoolsaal)**

* Neem kennis – Daar sal dan geen didaktiese klasse wees nie.

**WÊRELDBIDDAG VIR VROUE**

Vind plaas op Vrydag, 6 Maart om 07:30 in die skoolsaal. Alle ouers is welkom om dit by te woon. Mev. Yolandi Nortier gaan dit vir ons kom aanbied.

## ***LEERDERS***

**INTERNASIONALE WISKUNDEDAG**

Op Donderdag, 5 Maart is dit Internasionale Wiskundedag. Leerders kan gewone klere teen R5 aantrek en die tema is "3D voorwerpe".

***Jakkies se wiskunde slagspreuk vir die dag is: "Jakkies dink uit die boks"!***

Leerders kan enige voorwerp, hoed, kledingstuk, skoene, letterlik enige iets maak uit 'n boks.
Die items kan vanaf Maandag, 2 Maart tot Donderdag, 5 Maart by die klasonderwysers ingehandig word. Dit sal dan Vrydag, 6 Maart in die saal ten toon gestel word.
Daar sal vir elke graad 'n wenner aangewys word en die pryse sal tydens saalperiode uitgedeel word.

Kom ons dink almal bietjie "uit die boks".

**KOEKIEVERKOPING**
Maandag, 2 Maart hou die gr 6-klas hul koekieverkoping.  Daar sal allerhande lekkernye te koop wees.  Bring 'n geldjie saam om hulle te ondersteun.

**EKSAMENROOSTER**
Vind die eksamenrooster aangeheg, wat plaasvind vanaf 9 Maart tot 20 Maart.
Help u kind om goed voor te berei en moet asb. nie u kind onnodig uit die skool uit hou nie.

……………………...
T.E. MOSTERT
Skoolhoof

| ***GEBEDSLYS:*** |
| --- |
| Viljé & Amoné Langenhoven (Oupa oorlede) |



# WISKUNDEDAG!

## Gr. 1 – 3

# Dink uit die boks!

**Bring jou boks – maak nie saak hoe groot nie!**

**Wys vir ons waarin jy dit omtower het!**




**Kom wees kreatief, bou, ontdek en speel met Wiskunde!**

**Ons kan nie wag om julle slim idees te sien nie!**

# 2 Maart 2026



# Graad 6

# KOEKIEVERKOPING



Bring ñ geldjie en kom ondersteun ons!!

**KWARTAAL 1**

# EKSAMENROOSTER

## 9 MAART – 20 MAART 2026

| Dag: | Dat: | **Gr 1:** | **Gr 2:** | **Gr 3:** | **Gr 4:** | **Gr 5:** | **Gr 6:** | **Gr 7:** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ma | 9 Maart | WISK | WISK | WISK | SW: Gesk | SW: Gesk | SW: Gesk | ENG EAT |
| Di | 10 Maart | WISK | WISK | WISK | ENG EAT | | AFR HT | EBW |
| Wo | 11 Maart | AFR HT LV | AFR HT LV | AFR HT | SS | NWT | ENG EAT | LO |
| Do | 12 Maart | AFR HT | AFR HT | AFR HT | LV | ENG EAT | | SW: Gesk |
| Vr | 13 Maart | | | | | | | |
| Ma | 16 Maart | ENG EAT | ENG EAT | ENG EAT | AFR HT | LV | LV | AFR HT |
| Di | 17 Maart | ENG EAT | ENG EAT | ENG EAT | WISK | | NWT | WISK |
| Wo | 18 Maart | SS | SS | LV | | SW: Geo | WISK | NW |
| Do | 19 Maart | LV | LV | SS | NWT | WISK | | SW: Geo |
| Vr | 20 Maart | | | | SW: Geo | AFR HT | SW: Geo | TEG |